Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

September 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die Reformasie en ons verbondskinders

Refo 500 Feesgeleenthede

Julle moet in My bly en Ek in julle.
'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra
as hy nie aan die wingerdstok bly nie;
en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.
- Johannes 15:4

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag binne agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 119, NO. 3316 - September 2017

In hierdie uitgawe

2 VAN DIE REDAKTEUR
Die Hervorming en die genadeverbond

4 UIT DIE WOORD
Wie op die Here vertrou, kry nuwe krag

6 REDAKSIONEEL
Die merktekens van die kerk

8 BRANDPUNT
Die koninkryk van God, die kerk en die staatsowerheid in ons tyd

FOKUS
11 Martin Luther – "u was vir Israel die strydwa met sy ruiters"
14 In sonde totaal verdorwe, in Christus totaal vernuwe
16 Die Reformasie en ons verbondskinders

ANDER
18 Dit brand!
20 Reformasie in woord en daad
22 Refo 500: Feesgeleenthede deur die TKR aangebied

25 BOEKBESPREKING
Perre toe

26 Personalia / Wel en Wee
27 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Die Hervorming en die genadeverbond

As daar een saak is wat sentraal in die Bybel staan, is dit die Verbond. Ons God is die Verbondsgod. Reeds van ewigheid af staan die drie Persone – Vader, Seun en Heilige Gees – met mekaar in 'n verbondsrelasie. Hierdie God tree dan met sy skepping in 'n verbond. Dink aan die "natuurverbond" ná die sondvloed.

Veral tree Hy egter met die mens in 'n verbond van die begin af. Tradisioneel praat ons van die "werkverbond" wat voor die sondeval in plek was (vgl. Gen. 1:28). Die mens kon langs die weg van gehoorsaamheid die ewige lewe verkry. Maar die mens het gesondig, hy het 'n bondsbreker geword. Die gevolg was "onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad" (HK v/a 8). Die gevolg was die ewige dood.

God laat sy skepping egter nie aan sy lot oor nie. Hy bly die Verbondsgod. Die werkverbond gaan voort in die genadeverbond (lees veral Gen. 15 en 17). Veral in Genesis 15 sien ons dat dit God is wat die Verbond instel. Abraham is slegs 'n toeskouer as God tussen die stukke vleis deurgaan. Maar in die uitlewing van die Verbond is die mens aktief betrokke. LET WEL: Die instelling van die genadeverbond gaan met bloed gepaard (Gen. 15). Christus kom as die Verbondsmiddelaar om in ons plek die Verbond te vervul. So gaan die instelling van die genadeverbond in wese terug na Genesis 3:15.

Inhoud en aard van die Verbond

Ons kan die Verbond baie kort saamvat in die volgende woorde: "Ek is jou God en jy is my volk" (vgl. Lev. 26:12 en Gen. 17:2, 7).

In sy Verbond gee God die heerlikste beloftes. Lees gerus weer die Doopsformulier rustig deur. Die Heidelbergse Kategismus praat in Antwoord 66 van die "belofte van die evangelie … dat God ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk". God verseël die Verbond en die beloftes van die Verbond deur die doop.

Daar is egter ook die eise van die Verbond (vgl. Gen. 17:9). Ons moet in die lewende Verbond met ons troue Verbondsgod leef. Waar dit nie gebeur nie, volg uiteindelik die verbondswraak. Ons kom van die Verbond nooit weer los nie.

Die Hervorming

In die tyd van die 16de-eeuse Hervorming is, wat die uitbou van die teologie en die leer van die kerk betref, ook spesifiek aan die Verbond aandag gegee. Die uitbou van die Verbondsleer is veral genoodsaak deur die stryd teen die Anabaptiste wat die kinderdoop verwerp het. Zwingli en Bullinger het afsonderlike geskrifte geskryf oor die leer van die Verbond. En Calvyn gee in sy kommentare en Institusie breedvoerig hieraan aandag.

Teenoor die wederdopers handhaaf Calvyn die waarheid dat die Genadeverbond een is. Die Verbond met die vaders verskil volstrek nie

van die Verbond met ons nie, maar is geheel een en dieselfde. Slegs die bediening of bedeling van die Verbond verskil.

So handhaaf Calvyn die onlosmaaklike eenheid en ook die groei in die openbaring van God tussen die Ou en die Nuwe Testament. Ook in die Ou Testament was Christus die fondament van die Verbond. Hy is tegelykertyd ook die vervulling daarvan.

Calvyn beskou dit as die vernaamste deel van die Verbond dat God beloof om vir Abraham se kinders 'n God te wees. Hy wys ook daarop dat die Verbond geestelik is. Dit is nie slegs gesluit met die oog op die teenwoordige lewe nie, maar sodat Abraham daaruit hoop sou verkry op die ewige lewe en, tot die hemel verhoog, 'n vaste en volkome saligheid sou ontvang (Kommentaar op Gen. 17:7).

Die verbond van God word bekragtig wanneer ons deur die geloof omhels wat Hy beloof (Kommentaar op Gen. 17:14). Dit beteken dat die beloftes vir ons eers dan die bedoelde uitwerking het wanneer ons dit deur die geloof aanneem (Inst. 3.24.17).

"Wat besonderlik by Calvyn tref, is dat hy die gemeente sien as die verbondsgemeente. Die adres van die prediking is die kerk as die volk van die verbond. Die prediking is volgens Calvyn 'n betuiging van God dat ons sy volk is, die heilige volk van die verbond" (prof. Floor).

Wat sê dit alles vir ons?

Ons moet elke dag opnuut die wonderlike voorreg besef dat ons kinders van die Hervorming mag wees, en dat die Hervormers ook vir ons die ryke skat van die Verbond uit die rykdom van God se Woord ontgin het.

Ons moet saam met ons kinders en kleinkinders die ryke betekenis van ons doop beleef. Wanneer die vrees ons wil oorweldig by die gedagte aan ons kinders en kleinkinders se toekoms in hierdie wrede wêreld van soveel verleiding en aanvegting en dwaalstemme, mag ons weet "die Heer wat van geen wankel weet nie, sal nimmer sy verbond vergeet nie. Al sy beloftes bly van krag tot in die duisendste geslag. Verbond met Abraham sy vrind, bevestig Hy van kind tot kind" (Ps. 105).

Al die sektes en groepe wat ook vandag die kinderdoop verwerp, verwerp die genadeverbond of doen dit vanuit 'n verwronge, onbybelse verbondsbegrip.

Ons moet ook hartlik en voluit en met blydskap in die verbondsgemeente leef. Daar ontvang ons die prediking, daar word ons versterk in ons geloof deur die doop en die nagmaal, daar bely ons ons geloof. Teenoor al die splintergroepe wat vir hulleself vandag die naam "kerk" aanmatig, is dit slegs die kerke van die Hervorming wat die rykdom en vastigheid en troos van die genadeverbond bely en verkondig. Wat 'n genade om gereformeerd te mag wees! CFCC

Prof. Gert Breed (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die Reformasie en ons verbondskinders

die noodsaak van Gereformeerde verbondsonderrig in die 21ste eeu

Wat het die 16de-eeuse Reformasie gekenmerk?

- Bevraagtekening van die bestaande praktyk – kritiese nadenke oor gebruike en gewoontes wat al jare in gebruik is om vas te stel of dit op die Woord gegrond is.
- Uitdaging van gesag – mense wat vir hulleself gesag toeëien buite die Woord om, se reg om dwang toe te pas, word verwerp.
- Kreatiewe denke vanuit die Woord van God, toegepas op die praktyk, nuut dink, nuut beplan.
- Worsteling met die vraag wat kan en moet verander, en wat is vas en onveranderlik volgens die Woord.
- Lidmaatbetrokkenheid, gee aan die lidmaat die Woord in sy eie taal en betrek hom/haar by die bediening van die gemeente.
- Toerusting van lidmate tot groei in die geloof.
- Die kerk is ’n plek van genade vir lidmate en ander mense.

Wat hou die genadeverbond van God in?

- Die genadeverbond vloei daaruit voort dat God ons innig liefhet.
- Die genadeverbond is God se uitreik na die mens, sy nadertrek van die mens – dit berus op die versoening wat Christus bewerk het.
- “Ek sal vir jou ’n God wees” spel twee dinge uit, God se belofte van volkome versorging en God se reg om aan ons voor te skryf hoe om te lewe sodat ons Hom sal verheerlik met die vrede en vreugde wat in ons lewe sal wees.
- “Jy moet vir my ’n kind wees” is die opdrag om vanuit God se genade te leef, om voortdurend by die Fontein van lewende water te drink en om Hom te vertrou en gehoorsaam te volg as ons Goeie Herder.
- Die verbond vind sy vervulling in die Gees wat in ons bly, ons vertroos, leer en lei, saam met ons bid en ons vernuwe tot sekerheid en gehoorsaamheid.
- Om vir God ’n kind te wees, beteken om jou wil ondergeskik te stel aan die wil van die Heilige Gees, om jou deur Hom te laat troos, leer en lei – om te soek na die vervulling met die Gees.

Wie is die verbondskind?

- Iemand wat deur God uitgekies is om in die kragveld van die Gees van God groot te word binne 'n verbondsgesin en verbondsgemeente.
- Iemand wat erfgenaam is van al God se beloftes en wat as versekering daarvan 'n seël en teken in die doop ontvang.
- 'n Gemerkte geroepene van die Here wat begelei moet word om God se beloftes aan te neem, Christus in die geloof te omhels en om vanuit sy/haar eenheid met Christus baie vrug te dra.
- 'n Begaafde, begenadigde van die Here wat gelei moet word om jou gawes te ontdek en te gebruik om te dien sodat God se vernuwende krag in en deur hom/haar in hierdie wêreld kan werk.

Verbondsonderrig in die 21ste eeu

Ons leef in 'n vinnig veranderende wêreld. Ons en ons kinders se lewe is propvol. Omdat die tegnologie alles vinniger maak, beleef ons net soveel meer dinge op een dag. Die sosiale media en die internet maak dit moontlik dat ons en ons kinders elkeen in sy eie wêreldjie kan begin leef, by mekaar en tog nie naby mekaar nie. Voorwaar 'n wêreld waarin ons so besig kan raak dat ons by mekaar verby kan leef. In die opvoeding van ons kinders moet ons by hierdie veranderde wêreld aanpas. En tog, die basiese behoeftes van 'n mens bly dieselfde ondanks al die veranderinge. God het ons geskape om naby Hom en naby mekaar te leef. Ons kan so leef wanneer ons in liefde vanuit die waarhede van sy Woord leef. Binne hierdie wêreld moet ons biddend soek na die wysheid van die Gees om in liefde by die waarheid te kan bly. Ons kinders het twee basiese vaardighede nodig wat hulle toerus om God te verheerlik en met vrede en vreugde te lewe – liefde en waarheid.

Liefde

'n Gesin waarin die liefde vir God en die liefde vir mekaar die uitkoms van elke situasie bepaal, kan die krisisse van die lewe hanteer. Saam met liefde kom aanvaarding, vergifnis, opregte belangstelling, omgee, opoffering, gesels, vra, saam lag en huil. Liefde bring die bereidheid om myself te kruisig ter wille van Christus en my kinders. Hierdie liefde wek liefde. Verbondsopvoeding moet die bediening van die liefde van die barmhartige en genadige God en Vader wees.

Waarheid

Waarheid sonder liefde is 'n leuen. God se waarheid is liefdeswaarheid, waarheid wat beskerm, rigting gee, toerus en vertroue wek. 'n Gesin wat binne die veranderende wêreld voortdurend vra na God se liefdeswaarheid, ontdek God in elke situasie, ook in die wreedste smart of teleurstelling. God openbaar Homself aan die wat vanuit sy waarheid probeer leef. Wie in die waarheid leef, leef in God se lig, leef oop voor God en ander mense. Wie in God se lig leef is bereid om antwoorde te gee oor alles wat hy/sy doen, dink, glo en sê. 'n Gesin wat in liefde by die waarheid wil bly, soek elke dag saam na God se waarheid in sy Woord. So 'n gesin smeek saam om God se wysheid in taai situasies. So 'n gesin gee mekaar toestemming om enige vraag te vra, om mekaar na die lig van God se Woord te nooi, mekaar te bemoedig, te vermaan, te bevraagteken.

Verbondsopvoeding vind in die lig van God se Woord plaas waar ouers en kinders dikwels hulle sonde teenoor mekaar moet bely, vergifnis vra en saam weer probeer.

Gemeentes wat in liefde by die waarheid bly

'n Gemeente waar die primêre klem val op liefde en waarheid, maak die grond gereed vir die saad van die Woord om te kan ontkiem en vrug te dra. 'n Gemeente moet oop en vriendelik wees, toeganklik vir moeilike vrae van kinders af, 'n plek waar ek my masker kan afhaal en kan erken dat ek 'n sondaar is wat hulp nodig het. 'n Gemeente behoort alles wat hulle doen en hoe hulle dit doen, te meet aan die vraag of hulle in liefde by die waarheid bly.

Reformasie vandag is terugkeer na die aktuele waarheid van die Woord, in liefde. DK

Feesgeleenthede deur die TKR aangebied

Die Tussenkerklike Raad, waarin die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verteenwoordig is, het besluit om die vieringe van die 500 jaar van die Reformasie aan te pak. Die volgende produksies word deur die TKR ondersteun en aangebied.

Uit Diep van Donker Nagte

Dit was net logies dat die verhoogstuk wat tydens Aardklop 2001 soveel belangstelling uitgelok het, met die 500-jarige viering van die Reformasie weer opgevoer sou word. Ina Opperman is die skryfster en regisseuse. Die gehoor word op verrassende wyse midde-in die dramatiese gebeure geplaas wat 500 jaar gelede afgespeel het in die lewens van gewone gelowiges. Kyk gerus weer na *Die Kerkblad* van Augustus om onder die indruk van hierdie treffende produksie te kom. Kom herleef die dramatiese gebeure van Luther en sy tydgenote, Calvyn en Guido de Bres, die Bartholomeusnag en die Hugenote se vlug na Suid-Afrika.

Die produksie word aangebied by die Geref. Kerk Centurion van 25 tot 28 Oktober. Kaartjies is reeds beskikbaar by Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn. Vir navrae stuur 'n e-pos aan navraeddn@gmail.com. Spelers wat aan die 2001-produksie deelgeneem het, word versoek om Ina dringend te skakel by 083 650 2186. Sy wil julle graag aan die 2017-gehoor bekendstel.

Maarten Luther ... Genade Alleen

Met die bekende akteurspaar Carel Trichardt as Maarten Luther en Petru Wessels as die verteller, speel die veelbewoë lewe van Luther op die verhoog af. Na die sukses van Die Groot Gryse tydens die GKSA se 150-jarige fees, waarin Carel die rol van Paul Kruger treffend vertolk het, het hy ds. Cassie Aucamp versoek om 'n verhoogstuk te skryf oor Maarten Luther.

Hierdie stuk neem die gehoor deur die hoofmomente van Luther se lewe en die innerlike stryd wat in hom woed en uitloop op die onstuitbare golf van die Reformasie. Die kernwaarhede van die Reformasie word met die lewe van Luther as dekor by die gehoor tuisgebring. Die blywende indruk is die van genade alleen. Katrien Holm sorg vir bypassende musiek met klavier, viool en fluit. Die stuk word aangebied deur verskillende gemeentes en instansies, soos in die Feesrooster aangedui.

Potchefstroom Refo 500-Fees

Die Geref. Kerk Potchefstroom-Oos wil graag al die gemeentes in en rondom Potchefstroom by hierdie fees betrek en nooi u hiermee amptelik en hartlik uit om hieraan deel te neem. Die datum is 22 Oktober 2017. Tyd: 17:00. Plek: Amfiteater van die NWU, Potchefstroomkampus. Die program in breë trekke:

- Massakoor-optrede
- Carel Trichardt en Petru Wessels: Maarten Luther ... Genade Alleen
- Prof. Fika Janse van Rensburg – Feesboodskap
- Samesang

Houtkruis – 'n Musiekblyspel uit die Reformasie

Een van die produksies wat met die samewerking van die Tussenkerklike Raad aangebied word, is die musiekblyspel *Houtkruis*, wat in 2008 deur 24 000 mense in die Staatsteater gesien is.

Martin Luther het sy 95 stellinge teen 'n kerkdeur vasgenael en skielik kan jou geloof jou jou lewe kos! Nooit tevore het so veel afgehang van 'n enkele keuse nie. Te midde van boere-opstande en monnikgesang speel twee verhale van liefde hulle af teen die agtergrond van verraad en vergifnis.

Dit is waaroor *Houtkruis*, die grootste Afrikaanse musiekblyspel tot dusver, gaan. Terwyl die brandstapel wag, word Vader Phillip verhoor en kans gegee om sy woorde teen die pous en die aflaatstelsel terug te trek en homself "te bekeer" van Luther se stellings oor genade deur Jesus se kruisdood alleen. Musiek wissel van verwerkings in Gregoriaanse gesangstyl tot groot treffers soos *Die Via Dolorosa*, *Hierdie Kind*, en *U Ken My*.

Die hoofrolle word vertolk deur Jannie Moolman, Zita Pretorius, Marno van der Merwe, Edrien Erasmus en Rouel Beukes.

Houtkruis word op Vrydag 3 November tot Sondag 5 November in die ou NG Kerk in Rubensteinstraat, Moreletapark, opgevoer. Kaartjies wissel tussen R120 en R200 en is beskikbaar by iTickets (iTickets.co.za).

Feeseredienst Sondag 29 Oktober

Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500-feesvieringe deur die Tussenkerklike Raad (NG-, NH- en GKSA) vind op Sondag 29 Oktober in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas.

Dit is in die vorm van twee eenderse feeseredienste, die middag om 15:30 en die aand om 18:30.

As predikers tree prof. Gert Breed en dr. Stephan Joubert op, terwyl ds. Hannes van der Merwe as liturg optree. Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonie-orkes onder leiding van Braam van Tonder en 'n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

Omdat sitplek beperk is, word besprekings vooraf gemaak. 300 kaartjies vir elke diens is aan die GKSA toegeken teen die nominale bedrag van R30 per kaartjie.

Om u plek te verseker, stuur 'n e-pos aan ds. Cassie Aucamp by anberg@absamail.co.za, waarin jy 'n getal kaartjies vir jou of jou gemeente uitboek en ook meld of dit vir die 15:30- of die 18:30-diens is.

Die bespreking sal vir 'n week oopgehou word, waarbinne die bedrag oorbetaal moet word in die volgende rekening: ABSA;

- Rekeninghouer: Raad van Finansies;
- Rekeningnommer: 200 00 287.
- Verwysing is 16REFO + van, voorletters.
- Stuur dan die bewys van betaling aan ds. Aucamp en hy sal die kaartjies aan jou e-pos.

REFO 500 FEESALMANAK

Datum	Tyd	Produksie	Plek	Bespreek/Navrae
Sondag 22 Oktober	17:00	**Maarten Luther, Feesdiens, massakoor.**	Amfi-teater PUK Potchefstroom	dspietventer@oosdoppers.co. za 082 779 1237
Woensdag 25 Oktober	19:00	**Uit Diep van Donker nagte**	GK Centurion	Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Donderdag 26 Oktober	19:00	**Uit Diep van Donker nagte**	GK Centurion	Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Vrydag 27 Oktober	19:00	**Uit Diep van Donker nagte**	GK Centurion	Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Saterdag 28 Oktober	19:00	**Uit Diep van Donker nagte**	GK Centurion	Tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Sondag 29 Oktober	15:30 18:30	**TKR Feesdiens met massakoor en simfonie-orkes**	NG Kerk Universiteitsoord	anberg@absamail.co.za 082 377 1112
Sondag 29 Oktober	16:00	**Fees met koor en orkes**	Eeufeessaal Krugersdorp	Dr. Kobus van Tonder 082 544 2879
Sondag 29 Oktober	09:00	**Hervormingsdiens prof.SP van der Walt**	GK Kempton Park	Ds. E Tiemensma 072 310 0250
Sondag 29 Oktober		**Maarten Luther**	Witbank	Ds. Dirk Pansegrouw 084 550 6130
Maandag 30 Oktober	Aand	**Maarten Luther**	GK Randburg	lizettevanwyk2@gmail.com
Dinsdag 31 Oktober	Aand	**Maarten Luther**	Noorde van Pta	Ds.Ben Fourie 082 745 4117
Donderdag 2 November	Oggend	**Maarten Luther**	Dirk Postma-skool	jgnoeth@lantic.net
Vrydag 3 November	19:30	**Houtkruis**	Rubensteinstraat (ou NG)	iTickets.co.za 086 1000 291
Saterdag 4 November	11:00	**Houtkruis**	Rubensteinstraat (ou NG)	iTickets.co.za 086 1000 291
Saterdag 4 November	15:00	**Houtkruis**	Rubensteinstraat (ou NG)	iTickets.co.za 086 1000 291
Sondag 5 November	15:00	**Houtkruis**	Rubensteinstraat (ou NG)	iTickets.co.za 086 1000 291

Organiseerders van feeste op ander plekke word versoek om die inligting deur te stuur na *anberg@absamail.co.za* sodat ons die Refo 500 Almanak volledig kan plaas in die Oktoberuitgawe van *Die Kerkblad*.